

*Albie van Schalkwyk, Human Coetzee en Piet Koornhof.*



*Joystick Productions from Ikageng is striving to bring back dance to the community. The crew aims to develop the youth and take them off the streets by offering them training in hip-hop dance moves and modern dancing. Anyone who would like to be part of Joystick should contact Jerry Leping at 073 425 9711 or Dithakong Bekebeke at 083 243 3677.*

# Meesterwerke en iets splinternuut

Die Skool vir Musiek, Noordwes-Universiteit se meesterkonsertreeks vir vanjaar word afgesluit met die rektorskonsert op Donderdag 23 Oktober om 19:30 in die konservatoriumsaal.

Dit sal 'n uitvoering wees deur die Potch Trio, bestaande uit Piet Koornhof (viool), Human Coetzee (tjello) en Albie van Schalkwyk (klavier).

Klaviertrios van Mozart (C majeur, KV548) en Mendelssohn (d mineur, Opus 49) sal as hoekstene vir die program aangebied word.

Oudergewoonte sal hulle egter ook nuwe, dog toeganklike musiek vir hierdie besetting bekendstel.

Die Kaapse komponis, Hendrik Hofmeyr, het 'n splinternuwe werk vir die Potch Trio geskryf en die eerste openbare uitvoering daarvan ter wêreld sal by hierdie konsert plaasvind.

Kaartjies is beskikbaar gedurende kantoorure by die Konservatorium, tel. (018) 299 1692.

Dit kan ook vanaf 'n halfuur voor die konsert by die loket teen R50 vir volwassenes, en R30 vir leerlinge, studente en pensioentrekkers.